# EFÉSIËRS 4:7-13

**TEMA:** **Efe 4:12** **Om die liggaam van Christus op te bou**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 4:7-13

**Efe 4:7 Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus.**

**Efe 4:8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.**

**Efe 4:9 Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?**

**Efe 4:10 Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.**

**Efe 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,**

**Efe 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,**

**Efe 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;**

**-o0o-**

Dit is belangrik dat ons sal besef dat dit die Woord wat in my is wat die verskil maak in my lewe, nie myself nie, nie my dade nie, niks nie. Dit is die Heilige Gees wat die Woord gebruik om my te transformeer (verander) terug na die persoonlikheid wat God oorspronklik oor my bepaal het, sodat ek my roeping kan vervul soos Paulus gesê het in ***Efe 4:1 Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is***. Hy sê *dit is al wat ek hier sit en doen in die tronk, ek vermaan julle, ek bid vir julle, ek tree vir julle in dat elkeen van julle mag inkom in daardie roeping in wat God oor julle bepaal het voor die grondlegging van die wêreld* en dan sit hy die hele storie uiteen daar vanaf vers 1-6.

## 1. LIEFDESKUS

**Efe 4:7 Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus.**

### Wat is genade?

*Hooglied 1:2 Laat hy my kus met kusse van sy mond; want u liefde is kosteliker as wyn.*
*Psalm 45:3 U is veel skoner as die mensekinders; genade is uitgestort op u lippe; daarom het God U geseën vir ewig.*

Die Psalmdigter besing, “genade is die kus van die Bruidegom, die soen, die aanraking van Sy lippe”. Hy stel dit so mooi, “*ek het die genade op die lippe gevind*”. Genade is die lippe met ander woorde, dit is daardie liefdes soen waarmee die Bruidegom met die Bruid versoen het. Dit is genade.

-o0o-

Dit is vir my altyd kosbaar as n mens dink hoe lief het die Bruidegom regtig die bruid. *Psalm 45:3 U is veel skoner as die mensekinders; genade is uitgestort op u lippe; daarom het God U geseën vir ewig.*
Nou sê hy, aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die genade van die gawe van Christus.

## 2. ONDERWÊRELDE

**Efe 4:8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.**

**Efe 4:9 Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?**

**Efe 4:10 Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.**

Christus het na drie onderwêrelde afgedaal, sê die Bybel vir ons.

1. Hy het in die eerste plek afgedaal, Hy het eers al die demoniese, sataniese magte gevat, alle peste, siektes, kwale, alle binding gevat, dit terug gevat na die Abyssus (Abussos Open 9:11) toe waar Hy hulle gelos het.

2. Daarna het Hy gegaan en die mag en gesag terug gevat, die sleutels van die dood en die doderyk terug gevat. Die mag wat Satan gehad het oor die mens en Hy het Homself gaan openbaar gemaak aan die Tartarus (2 Pet 2:4) waar die gevalle engele gevange gehou is, gevalle engele wat Christus moes gekeer het. Hy het Homself gaan toon, Hy het nie gaan preek nie, Hy het n proklamasie gemaak in die Tartarus en gesê, “Hier is Ek, julle plan het nie gewerk nie”.

.

3. Toe het Hy gegaan en die Paradys gaan oopsluit, (Open 1:18) die Bybel sê vir ons, die heiliges het saam met Hom opgestaan, dit is wat hulle hier van praat, hulle het opgevaar, hulle het opgestaan uit die dood uit. (Efe 4:8)

## 3. GEVANGENES

**Efe 4:8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.**

**Efe 4:9 Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?**

**A.** *Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem*, want onthou hulle was gevange in die Paradys gewees, want satan het nog steeds gesit met die sleutels van die dood en die doderyk. Satan het daardie mag oor die mens gehad, totdat Christus hulle kom verlos het, want Hy moes dit eers kom terugvat het, as mens, nie as God nie, maar as mens.

**B.** Efe 4:10 Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.
Christus moes die volledige geestelike reaal (ryk, domein) weer kom herrangskik het; Hy moes alles weer kom terugplaas het in sy plek. Daarom praat hy van hemele.

**Jesus moes**:

- die demone kom terug plaas;
- die gevalle engele kom terug plaas;
- satan kom ontklee;
- satan van al sy mag en gesag kom stroop het;
- die sleutels van die dood en die doderyk kom terugvat het.

-o0o-

- die mense wie satan in sy mag as gevangenes in die Paradys vasgehou, verlos want hulle kon nie opgevaar het na die Vader toe nie want hulle was nog steeds gevange gehou gewees in die Paradys.

Dit is hierdie ommeswaai van die geestelike ryk, dat ons in Christus, in Sy Naam weer daardie gesagsposisie bekom, sodat ons kan heers in die 2de hemel met die outoriteit en gesag in Christus en af aarde toe, die gesagsposisie wat Adam gehad het maar afgestaan het aan die duiwel.

**C.** Dan sê Hy: *Efe 4:10 (b) sodat Hy alles tot volheid kan bring*.

Daarom staan Christus uit die dood uit op en Hy sê: "*Aan My is gegee, al die mag en al die gesag*", Waar? *Mat 28:18 Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde*.

Dié mag, is nooit vir jou en my gegee nie, dit is nou my en jou plig om die plek te okkupeer in Christus Jesus, as Sy liggaam, Sy bruid, Sy gemeente, as Sy ware kerk, nie 'n kerkorganisasie nie, Sy ware kerk – die eenheid Efésiërs 4:5 en 6, wat deur die Gees van God gelei word.

Dit is dié kerk wat nou die reg het om Sy Naam te gebruik. Net soos die vrou die reg het om haar man se naam te gebruik en 'n tjek te teken in sy naam, so het ons die reg in die Naam van Christus Jesus om die duiwel te oorwin en vir hom te sê, "ons is die voetbank van Sy voete, Hy het jou ontklee, ons Bruidegom het jou kragteloos, magteloos en gesaglose gestel".

Ons het die outoriteit in Sy Naam en ons het die reg om Sy bloed te gebruik want ons staan nie op ons eie bloed nie want ons het nie bloed nie, maar ons gaan op Sy bloed. Ons gaan op Sy oorwinning, ons gaan op Sy triomf. Ons kan nou sê: "*In die Naam van Jesus Christus, gaan uit hierdie persoon uit*" of, *"In die Naam van Jesus jou krankheid wyk van hierdie persoon; In die Naam van Jesus staan op en loop; In die Naam van Jesus word gesond"*. Dit beteken in daardie kragtige Naam wat ons Bruidegom vir ons gegee het, wat Hy verdien het vir ons, ons hoef niks te verdien nie. Ons moet net na die plek toe beweeg waar die Heilige Gees ons plaas, waar ons getransformeer word, sodat Hy in ons en deur ons kan funksioneer, sodat ons die toonbeeld van kan wees van wat Hy behaal het. Hier sê die Bybel dit vir ons. *Hy het alles tot volheid weer gebring*. Efe 4:10.

4. **DIENSKNEG**

Wat het Hy nou gemaak? Hoekom word gawes aan mense gegee?

**Efe 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,**

**Efe 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,**

**Efe 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;**

En nou het Hy gegee, sommige as apostels, dit is nie titels nie. Dit is seker 'n ding wat die Here die grootste grief, wanneer mense die Woord gebruik, om hulleself te verryk. Waar kry die mens die reg om dit wat Christus verdien het, te gebruik om homself te verheerlik, om homself te vereer, om homself op n voetstuk te plaas, homself op 'n verhogie te plaas, om homself op iets te plaas om te heers van bo af oor ander mense? Jy het geen reg nie.

Die boodskap wat Christus Jesus vir ons uitgedra het was van 'n dienskneg onder die mense. Christus het Jerusalem ingekom op 'n donkie en Hy kom vandag nog hierdie wêreld in op 'n donkie. Met ander woorde, Hy openbaar Homself aan die wêreld deur diens knegskap . Ek en jy is daardie donkies wat Christus nog steeds vandag in die wêreld moet inbring. Ek kan nie vir myself 'n titel gee nie, ek kan nie vir myself roem gee nie, ek kan nie vir myself eer gee nie. Alle eer kom aan die Here toe.

-o0o-

## 5. VYFVOUDIGE BEDIENING

Hierdie waarvan Hy praat is absoluut net funksies. Daarom het Hy sommige gegee, as **apostels**, ander as **profete** ander as **evangeliste** ander, ander as **herders** en **leraars**.
Dit is die vyfvoudige bediening.
Luister mooi, **bediening**, nie oorheersing nie.

Bediening beteken:
Ek moet dien,
Ek moet die mensdom dien,
Ek moet kinders van die Here dien.
Ek moet die Here dien. *Bediening*, dit is wat dit beteken.

**Hoekom is hierdie vyfvoudige bediening daar?**
Efe 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,
nie oorheersing nie. Hoekom? Watse dienswerk moet ons verrig? *Tot opbouing tot die liggaam van Christus Jesus.*

## 6. ONS FUNKSIES

Ek en jy as deel van die liggaam van Christus Jesus het **drie** funksies op die aarde.

- Die **eerste** een is, om die koninkryk van God deur Christus hier op aarde, uit te brei. So ek en jy is hier om die koninkryk uit te brei. Dit is hoekom die Onse Vader sê: *Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, soos dit in die hemele geskrywe is, laat dit so sal wees op die aarde*. (Mat 6 :9-13). Dit is wat daardie skrifgedeelte van die gebed van die Onse Vader eintlik beteken. Met ander woorde, die eerste ding is om die koninkryk van God op aarde te vestig, uit te brei.
- En die **tweede** is om die liggaam van Christus Jesus uit te brei sodat my gawes jou kan dien. Elkeen van ons het gawes wat ten doel, *tot opbouing tot die liggaam van Christus Jesus*, sê die Woord vir ons.
- As ons hierdie twee goed gedoen het, dan sal die **derde** een outomaties in plek kom en dit is om die Vader te verheerlik. *Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in, in die vreugde van jou heer. Mat 25:21*

## RESULTAAT

**Efe 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;**

**Dit beteken ..... Om die Liggaam van Christus op te bou**

-o0o-